

Skriflesing: Openbaring 11:11 – 19

Teks: **Openbaring 11: 11-12; 15**

Sing- VOORAF SANG: Ps. 150:1,2

TYDENS EREDIENS: Ps. 98:1,3; Ps. 119:17,20; Ps. 74:4,16; Sb.2-2 (34):2,3

Openbaring 11:15 – 19

Rev 11:11 Ná die drie en 'n half dae het daar egter asem en lewe van God af in hulle gekom. Hulle het opgestaan, en groot vrees het almal oorval wat hulle gesien het.

Rev 11:12 Hulle hoor toe 'n harde stem uit die hemel vir hulle sê: "Kom op hierheen!" Toe het hulle in 'n wolk na die hemel toe opgevaar, en hulle vyande het dit gesien.

Rev 11:13 Op daardie oomblik was daar 'n groot aardbewing, en 'n tiende van die stad het inmeekaargestort. Sewe duisend mense het in die aardbewing omgekom, en die ander het bevrees geraak en aan die God van die hemel die eer gegee.

Rev 11:14 Die tweede "Wee!" is verby. Kyk, die derde kom gou.

Rev 11:15 Toe het die sewende engel op sy trompet geblaas. Daar was stemme in die hemel wat hard uitgeroep het: "Die koningskap oor die wêreld behoort aan ons Here en sy Gesalfde, en Hy sal as koning heers tot in alle ewigheid."

Rev 11:16 Die vier en twintig ouderlinge wat op hulle trone voor God sit, het toe gekniel met hulle gesigte na die grond toe en het God aanbid

Rev 11:17 en gesê: "Ons dank U, Here God, Almagtige, U wat is en wat was, dat U nou u groot mag gebruik en as koning heers.

Rev 11:18 Die nasies was woedend, maar nou het die tyd vir u oordeel gekom. Die eindtyd het aangebreek: die dooies word geoordeel; aan u dienaars, die profete, en aan die gelowiges, dié wat U vrees, klein en groot, word hulle loon gegee; en dié wat die aarde vernietig, word vernietig."

Rev 11:19 Toe het God se tempel, wat in die hemel is, oopgegaan, en sy verbondsark wat in sy tempel is, het sigbaar geword. Daar het toe weerligstrale, dreunings, donderslae, 'n aardbewing en 'n groot haelstorm gekom.

Skriflesing: Openbaring 11:11 – 19

Teks: **Openbaring 11:**

Sing- VOORAF SANG: Ps. 150:1,2

TYDENS EREDIENS: Ps. 98:1,3; Ps. 119:17,20; Ps. 74:4,16; Sb.2-2 (34):2,3

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, dit is asof ons net moet wag vir wat vandag hier gelees kon word. Verlede Sondag het ons rondom Nagmaal al dit moes sien kom. God wat sy kerk in die uiterste afsondering plaas. Johannes moet meet. Dit sluit in die tempel, die altaar en almal wat daar aanbid. Die voorhof en die buitekant van die tempel moes hy uitlaat. Dit is vir mense oorgegee wat nie aan Christus behoort nie. Hulle is naby die tempel, in die voorhof, maar in hulle harte is hulle nie naby Christus nie. Sulke voorhof-christene het 'n mentaliteit en 'n goddeloosheid wat hulle hele wese insluit wat in alle geval onmeetbaar is. Baie van hulle is skyngelowiges, hulle maak met hulle monde baie godsdienstige klanke, maar dis maar net godsdiens, valse godsdiens wat met die ware erediens van 'n lewe toegewy aan God niks te make het nie.

In die aanloop tot die laaste trompet waarby ons uiteindelik eendag by sal uitkom het daar al baie dinge gebeur en kan daar ook nog baie ander verskriklike dinge in hierdie wêreld gebeur. Die verskrikking van dinge kan ons ook nie meet nie. Genadiglik dat ons nie weet watter

verskrikkinge daar nog in die wêreld voorlê nie. Die verskrikking van oorlog en dit wat die Russe in die Oekraïne ons laat sien word in Openbaring op baie wyses aangeraak.

Ons het daarvoor begin praat nog vóór die oorlog uitgebreek het. Die ondergaande wêreld van Openbaring 9 is 'n voor-wêreld deur verskriklike dinge geteister. Die oopmaak van daardie onderaardse diepte, die skag waaruit opstand en rewolusie opstyg. Daar was al die eerste weelklank van die wêreld. Die fyn leser van Openbaring sal agterkom daar word drie maal oor hierdie wêreld aangekondig... wee, wee wee. Drie wee wat met die blaas van die drie laaste trompette gepaard gaan. By die oopmaak van die skag, die eerste wee, by die uitbreek van die laaste oorlog in die wêreld (Op 9:13-21) waar die sesde trompet blaas, dit is die tweede wee. Ons besef by die blaas van die sesde trompet, is dit die voorlaaste wee. Daar waar steeds oor die wêreld uitgeroep die verskriklikste van wee. Daarvan het ons gepraat. By die blaas van die sesde trompet was dit duidelik dat verskriklike oorlogsmonsters in beweging gekom het wat een derde van die mensdom gedood het. Monsteragtige sprinkane met skerpioensterne in pantsergewaad, dis oorlogstaal, dit speel tans in die Oekraïne af.

Of dit wat Oekraïne en die res van die weste insluit die begin van 'n laaste oorlog in die wêreld gaan wees en of daar nog weer baie oorloë ná hierdie een gaan volg, is nie vir ons om te sê nie. Hoeveel keer die groot Eufraat, die skeiding tussen die ooste en die weste nog weer weggeneem gaan word, die vier engele by die groot Eufraat moet losgelaat word, het ons by die sesde trompet ook al gehoor. Hoeveel keer hierdie Eufraat geestelik gaan opdroog weet ons nie. Openbaring 16 vers 12 is baie duidelik ook met die skeiding tussen oos en wes besig- 'n skeiding wat gaan verdwyn ... *12 Die sesde engel het toe sy bak op die groot Eufraatrivier uitgegooi. Die water daarvan het opgedroog om 'n pad vir die konings uit die ooste oop te maak.*

Ons sien wel iets daarvan op die oomblik in die wêreld afspeel. Die ooste wil die weste in. Weereens genade op genade dat die gordyne van die eindtyd elke keer net op 'n skrefie vir ons oopgemaak word. Ons kan net daar inloer. As ons alles moet sien wat 'n sonde gelade wêreld voor God nog in die gesig moet skaar, watter mens sal daarna kan kyk en bly leef.

Die God wat die sonde haat en wat Homself ook as verterende vuur openbaar. Heb.12:29 staan

dit kort en kragtig. So eindig die aangrypende hoofstuk voor die Hebreër skrywer in die laaste hoofstuk heelwat etiese kwessies hanteer. Dinge soos ons huwelike, om iemand met gasvryheid te moet ontvang, geldgierigheid, ja baie dinge uit die alledaagse lewe word in Hebreërs 13 hanteer, maar die dogmatiese, die werklike vertrekpunt vóór ek by enige etiek in my lewe kan uitkom, is die besef van hoofstuk 12 se einde ... *Want onse God is 'n verterende vuur...* Wie met Openbaring besig is, mag hierdie uitgangspunt nie 'n oomblik verloor nie. Die God wat baie mense maak of Hy eintlik maar net liefdevol as 'n vriend van almal die wêreld voorgelou moet word stik in hulle woorde by die werklikhede van die vuur wat in Openbaring aan die gang is.

Die onverskilligheid en die wreedheid wat daar in alle geval in die wêreld teenoor God se kinders, in besonder die twee getuies, die draers van die Wet en die profete na vore kom, het ons ook reeds by verlede Sondag se nabetraging aangegryp. Die twee getuies, ja ons wat ook draers moet wees van hierdie getuienis, die Wet en die profete moet daagliks verkondig word, na alle uithoeke van die wêreld, alle volke, alle mense tale en nasies moet dit hoor. Ons leef nog in die 42 maande tyd, dit ook afgemeet as tyd, tye en 'n halwe tyd, ja nog weer gemeet as 1260 dae, die kerk het nog 'n binnekant wat daar gemeet kan word, gemeet mag word, gemeet moet word. Daar is nou reeds ook die gevalle wat ons nie moet probeer meet nie. Moet nie goddeloosheid probeer meet nie, God waarsku ons dit gaan al erger word!

Openbaring kom in 'n latere hoofstuk daarby uit dat in ons aanloop tot vóór die laaste trompet oor hierdie aarde sal blaas begin Openbaring 16 ook met sewe skale of sewe bakke wat oor die aarde uitgegooi sal word. Dit alles op dieselfde tydraam as die sewe trompette, ja alles gaan oor dieselfde van gebeure wat in hierdie wêreld hom al wreder gaan afspeel, eintlik net weer uit 'n ander hoek gesien. Dit is soos mense wat vanuit verskillende kante op dieselfde ongelukstoneel afkom en elkeen se beskrywing wat hy gesien het, kan nogal ingrypend verskil van die ander een wat dieselfde ongeluk beskrywe. Tog laat Openbaring 22 die ongelukstoneel wat die wêreld heel op die einde sal wees nie buite rekening nie, daarby sal ons nog later weer by moet kom ... Op 22:11- 11 *Wie onreg doen, laat hom nog meer onreg doen; en wie vuil is, laat hom nog vuiler word; en laat die regverdige nog regverdiger word, en laat die heilige nog heiliger word.* U hoor duidelik hier is 'n proses in hierdie wêreld aan die afspeel en of ons dit wil weet of nie, ons is onlosmaaklik deel daarvan. Die kwaad, die onreg, die goddeloosheid, die vuilheid, die

verwarring, die dwalinge in die wêreld gaan al erger word, ongemeet erger, maar die regverdigheid en die heiligheid, ja die mooi dinge wat ons alleen in Christus kan bereik ook al groter en mooier word, in die geval gemeet groter.

As ons vandag treur in die dood van God se getuies, dan is ons gelukkig. Dan is ons deel van hulle wat Jesus in sy eerste preek op aarde dit duidelik gemaak het – *Salig is die wat treur* of soos die 2020 vertaling dit stel- *Gelukkig is dié wat treur, want hulle sal vertroos word*. Ons troos is van Openbaring 11 se einde nie verwyder nie. Die getuies van God is gedood, soos Jesus ook gedood was. In Openbaring staan dat hulle *lyke sal in die hoofstraat van die groot stad lê waar hulle Here ook gekruisig is ...* Ons het gehoor van die gruwels van die stede, die gruwels van die Sodom en Egipte van ons tyd. Asof daar iets soos gay-huwelike mag wees, asof aborsie maar mag plaasvind. Die wêreld sal oor die getuies se dood so bly wees dat hulle hul nie wil begrawe nie. Die kerk moet bly ondergrawe word maar tog wil hulle nie so ver kom om die ware getuies, die ware kerk te begrawe nie. Die evangelie van verlossing word al meer en meer vertrap, selfs in die heilige stad, digby die tempel.

Ons beleef dit al meer dat kerke in die mag van die bose kan kom. Ons moet so ver dit van ons afhang hierdie doodsheid wat die bose bring teenwerk. Die doderyk moet beveg word, maar ons kan dit nie van buite doen nie. Dit moet van binne gedoen. So het Jesus ook die doderyk nie van buite af oorwin nie, maar van binne. Van binne die doderyk het Hy die dood oorwin.

Dit waarmee die kerk in die laaste dae al meer gekonfronteer sal wees is dit wat ons ook getalle kan noem. Getalle in die ware Kerk wat al kleiner gaan word. Die mag van eiewillige godsdiens, die getalle van mense wat met 'n eiewillige godsdiens in die wêreld besig is, sal al hoe meer word. Eiewillige godsdiens is waar sogenaamde gelowiges hulle eie wil en hulle eie gemak die al groter maatstawwe gaan maak hoe hulle die Here wil dien. Die mense wat hulle eie gemaksug die ware kerk en ware godsdiens wil indra word al meer en meer. Ons leef ook in 'n tyd dat al meer dinge in die Bybel bevraagteken word, ja hoeveel is daar ook in ons land en deel van ons volk wat die Bybel eenvoudig verwerp. Die voorhof waar nie gemeet mag word nie, word al hoe voller. Die klem op eiewillige godsdiens word so groot dat al meer mense van die altaar van die Here na die eiewilligheid van die voorhof oorskuif. Dis die dinge waarteen ons as ware Kerk ons

moet verset. Die doderyk wat ons van binne sal moet beveg.

Al waarmee ons dit kan doen, is nie die wapentuig waaroor Oekraïne of nog minder Rusland oor beskik nie. Ons het die Woord van God, net die Woord, maar die Heilige Gees, Hy wat God is, laat Hom nie van die Woord losmaak nie. Daarom as ons lees van asem wat van God kom, of as ons lees van lewe wat van God kom, dan is dit alleen die Heilige Gees wat ter sprake is. Daar gebeur vóór die blaas van die laaste trompet hierdie aangrypende gebeurtenis in vers 11- *11 Ná die drie en 'n half dae het daar egter asem en lewe van God af in hulle gekom. Hulle het opgestaan, en groot vrees het almal oorval wat hulle gesien het*

Die getuies wat niemand wou hê hulle begrawe mag word nie, staan op. Hulle staan nie uit hulle grafte uit op nie, want hulle is nie begrawe nie. Hulle staan van die straat af op. Die lewe sal van die straat af duidelik gehoor en gesien kan word. Die twee getuies word dan selfs in hemelse heerlijkheid opgeneem. Geliefdes, u kom agter hier vind op aarde 'n al groter en dieper geestelike skeiding plaas. Toe daardie twee getuies in 'n wolk na die hemel opgevaar het, het hulle vyande dit gesien. Dit wys daar gaan 'n skeiding wees wat al duideliker gesien sal word. Op die aarde gebeur daar dan nog weer verskriklike dinge. Ons lees van nog weer 'n groot aardbewing, maar dit is wel anders as ander kere se aardbewings. Een tiende van die stad stort inmekaar, wat natuurlik heeltyd heenwys na die groot wêreldstad, op ander plekke word dit Babilon genoem, met sy Ou Testament handelsvennote, in Sodom en Egipte. Die stad wat die sentrum sal wees van die antichristelike wêreldmag. Dit stort ineen, 'n groot deel daarvan.

In vers 13 sien ons dan ook dan wil die mense skielik God begin eer, maar dit is dan te laat. Hulle bely God, maar hulle doen dit uit vrees, nie uit bekering nie. Daarom is hulle bekering ook te laat. Die gelowiges, die ware kerk is dan nie meer op aarde nie. Die wegvoer van die getuies was nie net die twee wat opgeneem is nie, maar die volle getal van God is dan by Hom. Die stryd teen getalle, die stryd in wat gemeet mag word en nie gemeet mag word nie, is nou verby! Die wat op aarde agtergebly het, sal wel erken dat God wel God is, ons het gelees hulle het *die God van die hemel die eer gegee*, maar daar was nie meer tyd om tot bekering te kom nie. As daar op hierdie laaste stadium nog weer tyd was, dan sou die hel mos leeg gewees het. Ons weet die hel sal nie leeg wees nie, dit sal ongemeet vol wees.

Wanneer die laaste trompet blaas, vir 'n derde keer word daar oor die wêreld 'n wee aangekondig. Vers 14 staan- *14 Die tweede "Wee!" is verby. Kyk, die derde kom gou.* Die laaste trompet is inderdaad die laaste van laaste dinge op hierdie aarde. As ons hier van die eindoordeel lees is dit eintlik maar net vinnige pennestreek. Hoofstuk 19 is met 'n baie dieper en groter omskrywing van die eindoordeel besig.

Dit waarmee ons hierdie hoofstuk kan afsluit is wel die duidelike ewigheidstoestand waar God se godheid en koningskap voluit sal skitter. Met die blaas van hierdie laaste basuin is daar groot stemme wat uit volle bors, ons kan sê, tot op die hoogste noot word God verheerlik. Die loflied wat sê - *"Die koningskap oor die wêreld behoort aan ons Here en sy Gesalfde, en Hy sal as koning heers tot in alle ewigheid."* Een kant hoor ons die pragtige sang, aan die ander kant word die sang afgewissel met die erediens of die aanbidding van die ouderlinge. Hierdie ouderlinge dank die Here dat Hy nou in sy mag as Koning gaan heers. Uit die Ou Testament, die twaalf stamme getel by die twaalf apostels van die Nuwe Testament is die volle heilige algemene christelike kerk deur hierdie 24 ouderlinge verteenwoordig.

Vers 18 wys nog vir oulaas die mense wat dink hulle humeure en hulle vuiste kan die wêreld oopmaak. Nou het hulle hul vasgeloop. Die ouderlinge wys hoe kwaad die heidene was maar hulle het hulle nou teen die eindoordeel van God vasgeloop. Dit is humeure wat gemaak het dat die wêreld die christene doodgemaak het en die ware Kerk van die Here vertrap het en wou uitroei. Die mooie van hoofstuk 11 staan in sy einde. Die tempel gaan oop, maar dit is 'n hemelse tempel. Meteens word baie dinge wat vir ons verborge was, word opgeklaar. Die tempel van God in die hemel het oopgegaan en selfs die verbondsark waaroor daar al so baie gegis was wat het van die ark kon word, is in die hemel gesien. Tog gaan dit nie meer handel oor die tempel of oor die ark nie, die grootste is om so in die heilige teenwoordigheid van God te mag wees.

Aan die einde van die hoofstuk 11 het ons gekom by die afsluiting van die eerste hoofafdeling van Openbaring. Die eerste 11 hoofstukke het breedweg gehandel oor die uiterlike stryd wat daar tussen die kerk en die sondige wêreld bestaan. Ons is midde-in hierdie stryd. Wanneer daar

na Openbaring 12 oorbeweeg word, word die stryd agter die groot stryd tussen kerk en wêreld net nog dieper belig. Van hier handel dit oor 'n nog groter geestelike stryd, die stryd tussen God en Satan. Daarin maak God die bedoeling en beskerming van sy Kerk net nog duideliker.

AMEN